Lewerslak in beeste en skape

Deur dr JG Nel, konsulterende veearts, Kyron Agri

Twee soorte lewerslakspesies word in Suid-Afrika aangetref, naamlik die reuse-lewerslak (*Fasciola gigantica*) wat die mees algemene een is, en die gewone lewerslak (*Fasciola hepatica*) wat net in sekere gebiede voorkom.

Lewensiklus van die lewerslak

Die lewensiklus van die lewerslak is indirek. Die tussengasheer by die reuse-lewerslak is die varswaterslak, *Lymnaea natalensis,* en by die gewone lewerslak is dit *Lymnaea truncatula*. *Lymnaea columella* kan as tussengasheer vir beide die reuse- en gewone lewerslak optree.

Eiers word in die mis van die herkouer uitgeskei en onder gunstige toestande vorm die oerlarfstadium (*miracidia*) binne sowat 14 dae. Die oerlarwes dring die varswaterslak binne en ontwikkel na die larfstadium (*cercaria*). Die larwes verlaat later die varswaterslak en heg aan plantmateriaal vas. Daar ontwikkel dit na die besmetlike larfstadium (*metacercaria*) wat die infektiewe stadium van die lewensiklus is. Die besmetlike larfies kan vir 'n geruime tyd op die weiding bly.

Die besmetlike larf verloor sy omhulsel in die dunderm en ontwikkel na 'n onvolwasse lewerslakkie, penetreer deur die dundermwand tot in die buikholte, beweeg na die lewer, dring dit binne en begin dan deur die lewerweefsel vreet. Die volwasse stadium vestig in die galbuise en skei konstant eiers uit. Die eiers beweeg vanaf die galbuise tot in die dermkanaal en word in die mis uitgeskei.

Die volwasse lewerslak kan vir tot 'n jaar in die galbuise oorleef en eiers produseer. Onvolwasse lewerslakkies wat deur die lewer migreer en vreet, veroorsaak skade en inflammasie. Matige bloedverlies kan tydens migrasie voorkom as gevolg van die skade wat aangerig word. Erge bloedarmoede word gewoonlik gesien wanneer die lewerslakke volwassenheid bereik, aangesien die volwasse stadiums aggressiewe bloedsuiers is. Diere verloor dan kosbare proteïene, en groei en immuniteit word belemmer. Diere kan ook skielik vrek as gevolg van inwendige bloeding wanneer die skade te groot is.

Kliniese simptome kan wissel van akute vrektes tot bloedarmoede en redelike vinnige gewigsverlies in sub-akute gevalle tot bloedarmoede, kroniese gewigsverlies, vog in die buikholte en kwakkeel in kroniese gevalle. Diere kan tussen 12 en 20 weke na infeksie doodgaan sonder behandeling.

Beeste versus skape

Beeste ontwikkel 'n mate van weerstand teen lewerslakparasiete en volwasse lewerslakke leef gewoonlik vir nege tot 12 maande in die galbuise voordat hulle uitgeskei word. Beeste kan egter steeds negatief geraak word.

Skape is baie meer vatbaar vir die neweeffekte wat lewerslakke veroorsaak as beeste, en vrek oor die algemeen makliker weens 'n lewerslakbesmetting.

In akute gevalle toon nadoodse ondersoeke soms erge bloeding in die buikholte. 'Bloedspore' kan soms waargeneem word wanneer die lewer van naby ondersoek word. In meer kroniese gevalle is wit gedeeltes van bindweefselvorming (fibrose) en klassieke 'pypsteelfibrose' om die galbuise sigbaar. Sekondêre infeksie kan ook absesse in die lewer veroorsaak.

Strategiese behandeling

Laatherfs-/winterbehandeling word toegepas om die volwasse lewerslakke te dood om die lewerslakeieruitskeiding te verminder en besmetting van weidings te voorkom. 'n Doseermiddel met triklabendasool sal alle stadia van lewerslak vanaf twee weke (gewone lewerslak) of drie weke (reuse-lewerslak) tot die volwasse stadia (12+ weke) dood. Triklabendasool is die enigste lewerslakmiddel wat dit kan doen.

Lentebehandeling word toegepas om die stadia wat die winterbehandeling oorleef het te dood, asook om lewerslakeieruitskeiding hok te slaan en weidingsbesmetting te voorkom. 'n Middel wat klosantel of rafoksanied bevat kan gebruik word. Triklabendasool kan ook gebruik word.

In gebiede waar lewerslakbesmetting 'n ernstige probleem is, kan *somerbehandeling* opsioneel toegepas word.

Taktiese beheer

Taktiese behandeling word gewoonlik by kliniese gevalle toegepas. 'n Middel soos triklabendasool wat onvolwasse en volwasse stadia dood, moet dus gebruik word. Tydens 'n lewerslakuitbreking moet diere verkieslik na droër gebiede geskuif word en elke twee tot drie weke behandel word.

Lewerslak kan tot 'n mate beheer word deur toegang tot nat gebiede soos vleie en riviere te beperk. Die gebiede kan afgekamp word, maar dit is nie altyd prakties nie. Chemiese beheer van die slakke is al voorgestel maar word nie aanbeveel nie.